# PASIËNT INLIGTINGSBROSJURE

# KAKKERLAKALLERGIE

## WAT IS KAKKERLAKALLERGIE?

- Dit is ŉ allergiese reaksie (gewoonlik neusontsteking/asma) as gevolg van kontak met kakkerlak-allergene by mense wat gevoelig is.'n Allergeen is die stof waarvoor 'n pasiënt allergies is.
- Allergie vir kakkerlakke is die eerste keer in 1943 aangemeld, toe ŉ pasiënt ŉ veluitslag ontwikkel het, onmiddellik nadat kakkerlakke oor sy vel geloop het.
- Vandag diagnoseer ons kakkerlakallergie deur middel van vel- of bloedtoetse.

## KONTAK MET KAKKERLAKKE

- Daar is meer as 3 500 kakkerlakspesies dwarsoor die wêreld, en die drie mees algemene spesies word in Suid-Afrika aangetref.
- Dit is Duitse (Blatella germanica), Amerikaanse (Periplaneta americana) en Oosterse (Blatta orientallis) kakkerlakke.
- Die teenwoordigheid van kakkerlakke in ons huise veroorsaak meer ongerief as enige ander insekplaag. Een enkele vroulike kakkerlak kan soveel as 300 afstammelinge hê, wat dan weer reproduseer.
- Hoë besmetting en sensitisering kom in verskeie lande met ŉ warm klimaat voor, bv. Die VSA, Singapoer, Hongkong, Taiwan, Indië, Egipte, Latyns-Amerika en Suid-Afrika.

## HOE VEROORSAAK KAKKERLAKALLERGIEË?

- Bronne van allergene is die protiene wat in droë lyke, doppe, hare en gefragmenteerde dooie oorblyfsels en metaboliese produkte soos uitskeiding gevind word.
- Gelyktydige reaktiwiteit op ander insekte soos allergeenbronne insluitende huisstofmiet word algemeen gevind. Die hoogste vlakke van allergene word in kombuise gevind.

## BEHANDELING / VERMYDING

- Die kakkerlak is baie gehard en oorleef byna enigiets.
- Kakkerlakke leef in huise wat deur mense van alle etniese groepe en sosio-ekonomiese klasse bewoon word.
- Populasies van kakkerlakke sentreer in kombuise, vernaam onder die wasbak en naby die yskas, vullisblik en stoof. Daar mag ʼn kleiner infestasie in die badkamer voorkom.
- Verminder die voedseltoevoer wat aan die kakkerlakke beskikbaar is:
  - Stofsuig of vee die vloer na elke maaltyd
  - Hou vullis in ʼn houer met ʼn digte deksel
  - Hou ongebruikte porsies van droë goedere in geseëlde houers
- Droog hulle watertoevoer op:
  - Maak lekkende krane reg
  - Maak die kombuiswasbak elke aand skoon
  - Moenie huisplante te veel water gee nie
- Maak dit vir hulle moeilik om weg te kruip:
  - Hou ou blikkies waarin voedsel was, koerante, tydskrifte buite die huis
  - Maak wasbakproppe oornag toe
- Verwyder die dooie kakkerlakke:
  - Stofsuig rondom en agter alle ligte wat uit die plafon uit kom
  - Maak aan die binnekant van lugversorgingseenhede en ventilasiepype skoon

Vir bykomende inligting, besoek: http://allergies.about.com/od/insectallergie1/a/Cockroach-Allergy.htm

**OUTEURSREG: ALLERGIE-GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA**

**2013**

**Vertaling deur CIPLA geborg**